**Woensdag 14 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:1-12**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:3, 4, 5 (1933/53- en 1983-vertaling)**

## ’n Lewende hoop en ’n erfenis en erfgename wat bewaar word

Baie keer laat ons toe dat ons hoop en toekomsverwagting bepaal word deur dit wat met ons en rondom ons gebeur. As ons omstandighede sleg is, het ons nie hoop nie, terwyl ons hoopvol is wanneer dit met ons goed gaan. Die Christelike hoop gaan egter nie op en af met jou omstandighede nie. Dit is hoop wat bly, wat vol verwagting bly, ten spyte van die omstandighede wat jy beleef.

Hierdie eerste brief van Petrus onderstreep dubbeld en dwars dat jou hoop as Christen nie deur jou omstandighede bepaal word nie. Op grond van hierdie brief word Petrus “die apostel van die hoop” genoem.

As kinders van God het ons ’n lewende hoop op grond van die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Daardie lewende hoop hou in dat daar vir ons ’n erfenis in die hemel in bewaring gehou word. Nie alleen bewaar God die erfenis vir die erfgename nie, Hy bewaar die erfgename ook om die erfenis in besit te neem. God bewaar ons geloof. Hy verloor nie een van die erfgename, van sy uitverkorenes, op pad hemel toe nie.

Wanneer jou omstandighede dan moeilik word, moet jy dit sien vir wat dit is. Dit is beproewings waardeur God jou geloof louter en suiwer, waardeur Hy die egtheid daarvan toets. Dit is deel van die proses om jou as erfgenaam vir die erfenis te bewaar. As jy dit onthou, kan jy te midde van die beproewings wat jou bedroef maak, met ’n onuitspreeklike en heerlike blydskap vervul wees. Die beproewings is immers nie daar om jou jou hoop te ontneem nie, maar eerder om dit te bevestig.

*Sing: Psalm 63:1, 2, 4 (1936)*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*